# DIE PORTUGESE OWERHEID EN DIE UITBREEK VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG — I*

Die vooruitsig van die Suid-Afrikaanse Republiek en sy bondgenoot, die Oranje-Vrystaat, om Brittanje op die slagveld te verslaan, was natuurlik uiters skraal, tensy hulle daarin kon slaag om een of meer van die Europese moondhede aan hulle kant in die stryd te betrek. Dit sou 'n wonder bo wonder wees indien enige staatsman van die neëntiende eeu uit bloot humanitêre oorwegings die Boere ter syde sou staan. So 'n motief was al die eeue deur nog vreemd aan die gees van die imperialisme. Die reaksie wat die oorlog in Suid-Afrika by die politieke leiers van Europa uitgelok het, is in die eerste plek bepaal deur die vraag of hulle Brittanje se moeilikhede tot hul *eie* voordeel kon uitbuit. Uit hierdie oogpunt veral wil ons die amptelike houding van die verskillende moondhede, wat moontlik in mindere of meerdere mate in die stryd kon belangstel, agtereenvolgens ontleed. Portugal, as nabuur van die Boerestate, kom eerste aan die beurt.

Teen die einde van die neëntiende eeu was Portugal lank nie meer die leidende Europese moondheid wat hy in die vyftiende en sestiende eeue was nie. Op politieke, ekonomiese en finansiële gebied was hy baie verswak, en het voortdurend sy oë op Brittanje, sy eeue-oue vriend en bondgenoot, gehou vir beskerming teen die grondhongerige Duitse imperialiste wat gehoop het om op sy koloniale ryk te aas. Terselfdertyd het die Boerestate weer gehoop dat Duitsland hulle sou beskerm teen die Britse imperialiste wat hulle gereed gemaak het om die twee republiekies te vernietig. Reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog was daar 'n geheime verstandhouding tussen Brittanje en Duitsland om nie mekaar se imperialistiese strewe te dwarsboom nie.[1] Toe vyandelikhede in Suid-Afrika in Oktober 1899 'n aanvang neem, het dit reeds vasgestaan dat die Duitse owerheid glad nie meer so begaan was oor die lot van die Boere soos tydens die Jameson-inval nie. Tot groot teleurstelling van die Duitser het daar egter geen merkbare verwydering tussen die Brit en die Portugees gekom nie. Die rede hiervoor was dat die dubbelhartige bewindhebbers

* Hierdie artikel is die eerste van 'n reeks artikels waarin die skrywer agtereenvolgens die amptelike houding van verskillende Europese moondhede teenoor die Tweede Vryheidsoorlog behandel (Red.)

NOTA: Gepubliseerde dokumente en argiefstukke word soos volg verkort:

a. British Documents on the origin of the War (1898-1914). Edited by G. P. Gooch and Harold Temperley. (Eerste twee bande, aangedui as B.D. I en B.D. II).
b. Mr. Chamberlain's Speeches, Edited by Charles W. Boyd. (Twee bande, aangedui as Boyd I en Boyd II).
c. Die Grosse Politik der Europäischen Kabinette, 1871-1914, Sammlung der Diplomatischen Akten des Auswärtigen Amtes. (Bande 11 - 17, aangedui as G.P.).
d. Korrespondensie van dr. W. J. Leyds. (Vier versamelings aangedui as Leyds Korresp. I, II, III, of IV).
e. Imperiale Witboeke geraadpleeg in die Commonwealth Relations Office in Londen (Nrs. 230-705, aangedui as C.R.O.).

1. Ons bedoel die welbekende Angola-verdrae wat op 30 Augustus 1898 van krag geword het.

in Downingstraat onder leiding van Salisbury en Chamberlain Portugal so tussen die reëls laat verstaan het dat hulle nie sy koloniale ryk weerloos aan die Duitse imperialiste sou uitlewer nie.[2] Onder hierdie omstandighede is dit nouliks denkbaar dat Portugal enigiets sou doen wat Brittanje kon verhinder om die Boerstate onder die stof te loop. Lissabon het dan ook onderneem om nie sy onsydigheid in die militêre stryd tussen Pretoria en Londen te proklameer nie sodat Britse oorlogsbote in staat kon wees om steenkool in Delagoabaai in te skeep.[3]

Tog het die Britse imperialiste die Portugese nog nie vertrou nie. Vir Milner was die versekering wat Portugal gegee het dat hy nie sou toelaat dat wapens deur sy gebied na die Transvaal vervoer word nie,[4] onvoldoende. Hy wou die Portugese ook nog oorreed om die invoer van voedselvoorrade wat vir die Republiek bestem was, deur Delagoabaai te belet.[5] Sonder om doekies om te draai, het hy Chamberlain meegedeel dat hy die Portugese gewantrou het en dat die „voedsel" wat na Delagoabaai aangebring sou word, in werklikheid krygstuig vir die Boer sou wees.[6] Chamberlain wou hom egter nie in hierdie opsig steun nie. Hy het verklaar: „It might form a dangerous precedent and the game is not worth the candle, as we intend not to starve the Boers but to beat them".[7] Die meeste wat Chamberlain wou toelaat, was dat 'n ervare speurder by die Britse konsulaat in Delagoabaai kon aansluit om 'n ogie te hou oor die doen en late van die Portugese.[8]

Sir Hugh MacDonell, die Britse ambassadeur in Lissabon, wat gedurende sy jarelange verblyf aldaar[9] 'n grondige kennis opgedoen het van die Portugese politiek, het ook gemeen dat Brittanje nie die rol wat „Our oldest Ally"[10] gespeel het, kon vertrou nie. Hy was bevrees dat die gal wat die grootste deel van die Portugese pers en publiek op Brittanje gebraak het, die beleid van die regering kon beïnvloed. Downingstraat is met soveel ongebreidelde taal as aggressor gebrandmerk dat MacDonell hom verplig gevoel het om in privaat hoedanigheid 'n beroep op die minister van buitelandse sake te doen om wal te gooi teen die anti-Britse uitbarstings. Tot sy teleurstelling wou of kon die Portugese owerheid egter niks doen om die volk tot bedaring te bring nie. Slegs die koning, Don Carlos I, en 'n paar van sy aanhangers het na vore getree as kampvegters van Brittanje se saak. Daardeur het hulle natuurlik in die hande van die Republikeine gespeel wat enige middel sou aangryp om die kroon

2. Ons het die geheime Anglo-Portugese ooreenkoms van 14 Oktober 1899 in gedagte (B.D. nr. 118).
3. B.D., I, die vierde bylae in nr. 117, Salisbury aan Luiz de Soveral, die Portugese gesant in Londen, dd. 6-10-1899; nr. 118, Anglo-Portugese Secret Declaration, dd. 14-10-1899; C.R.O. 572, nr. 588, Chamberlain aan Milner, dd. 2-11-1899.
4. Vgl. H. R. van der Walt: *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale Beleid*, 1881-1899, hfst. III, voetnoot 374.
5. C.R.O. 572, nr. 518, Milner aan Chamberlain, dd. 14-10-1899; nr. 549, Milner aan Chamberlain, dd. 7-11-1899.
6. C.R.O. 572, nr. 594, Milner aan Chamberlain, dd. 7-11-1899.
7. C.R.O. 572, nr. 588, Chamberlain aan Milner, dd. 2-11-1899.
8. C.R.O. 572, nr. 603, Chamberlain aan Milner, dd. 13-11-1899.
9. 1893-1902.
10. Vgl. H. R. van der Walt: *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid*, hfst. XI, voetnoot nr. 22.

ongewild by die volk te maak. Dit het vir MacDonell duidelik geword dat die opgevoede en regerende stande die Boere in hul hart geseën het, hoewel hulle besef het dat staatkundig, finansieel en kommersieel Portugal geheel-en-al aangewys was op die vriendskap en goeie gesindheid van Brittanje. Om sy owerheid te laat besef watter professionele opportuniste die Portugese was, het die Britse gesant gewys op die verskynsel dat elke regerende party anti-Brits geword het sodra hy in die opposisiebanke beland het![11]

Wat MacDonell eintlik van die Portugese verlang het, was om Brittanje in sy stryd teen die Boere aktief te steun. Dat dit nie gebeur het nie, het hy o.m. gewyt aan hul vrees vir Frankryk en Duitsland. Sy Franse kollega in Lissabon, Rouvier, het Parys in November 1899 besoek. By sy terugkeer het hy MacDonell gewaarsku dat Brittanje sy hande van Delagoabaai moes afhou. Terwille van sy nabygegleë kolonie, Madagascar, sou Frankryk elke Britse poging om die Portugese hawe te beset, dwarsboom. Verder het hy hom laat verstaan dat Parys die Britte verantwoordelik gehou het vir die verlies van die enorme bedrag aan Franse kapitaal wat in die Transvaal belê was.[12] Tattenbach, die Duitse gesant, het nog 'n meer astrante houding ingeneem. Hy het nie sy meegevoel met die Boere verberg nie en die Britse optrede in Suid-Afrika skerp gekritiseer. Die gevolg was dat die Portugese regering in sy dop gekruip het en bevrees was om in die minste te toon dat hy Brittanje goedgesind was. Die Portugese blad, *Correio da Noite* het beweer dat, indien Lissabon nie streng neutraal bly nie, hy die ander moondhede, veral Duitsland, aanstoot sou gee. Dieselfde blad het 'n telegram uit Berlyn gepubliseer wat 'n verklaring van die Duitse owerheid bevat het dat enige skending van Portugese grondgebied 'n einde sou maak aan die neutraliteit van Duitsland. Al hierdie omstandighede het MacDonell oortuig van „the superficial nature of the friendly protestations of Portugal".[13]

Don Carlos het blykbaar ongelukkig gevoel omdat sy regering so sterk gewantrou is in amptelike Britse kringe. Hy het die eerste die beste geleentheid aangegryp om die lojaliteit van Portugal teenoor sy vriend en beskermer in die openbaar te betuig. In Desember 1900 gee Lord Lansdowne, die Britse minister van oorlog, MacDonell opdrag om aan te kondig dat 'n eskader van die Britse vloot onder admiraal Rawson, Lissabon sal besoek. Carlos het nie minder as twee staatsbankette ter ere van sy gas gegee nie. Die Portugees en die Brit het mekaar by hierdie geleenthede wedersyds heuning om die mond gesmeer en so 'n ophef van hul eeu-oue vriendskap gemaak dat Berlyn onrustig geword het. Baron Von Eckardstein van die Duitse ambassade in Londen wou van Lansdowne weet of die vriendskapsbetuiginge in Lissabon nie die geheime Brits-Duitse ooreenkoms betreffend 'n eventuele verdeling van die Portugese kolonies[14]

11. B.D. I, nr. 120. MacDonell aan Salisbury, dd. 16-11-1899.
12. B.D. I, nr. 120, MacDonell aan Salisbury, dd. 16-11-1899.
13. B.D. I, nr. 120, MacDonell aan Salisbury, dd. 16-11-1899.
14. Vir breedvoerige behandeling sien H. A. van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale Beleid*, 1881-1899, hfst. XIV.

benadeel het nie. Uit die ontwykende antwoord van die Britse minister kon die Duitser seker nie veel wys word nie. Lansdowne het betoog dat in Lissabon slegs 'n ou alliansie, waarvan die hele wêreld bewus was, herbevestig is en dat die verstandhouding tussen Londen en Berlyn nie in die minste daardeur geraak is nie.[15]

Of die Portugese koning daarop kon boog dat sy diplomasie veel vrug afgewerp het, val te betwyfel. Hoe algemeen die Britse wantroue in die Portugese was, blyk o.m. ook uit 'n voorstel van generaal Buller dat Delagoabaai geblokkeer moes word. Die voorstel is deur Salisbury, die eerste minister, verwerp op grond daarvan dat, behalwe Portugal self, dit ook nog Frankryk en Duitsland in die oorlog sou betrek.[16] In een enkele pennestreep dui MacDonell die haakplek aan in die Brits-Portugese betrekkinge: „Irresolution and evasion are the marked characteristics of the foreign policy of Portugal".[17] Die vraag was nou of Pretoria daarin kon slaag om die swak skakel in die vriendskapsbande tussen Londen en Lissabon tot sy eie voordeel uit te buit. Die aangewese weg vir hom was natuurlik om Delagoabaai as 'n twisappel tussen die groot moondhede te gebruik.

Toe Leyds staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek was, het hy voortdurend die aandag van Duitsland en Frankryk daarop gevestig dat dit hul koloniale belange sou skaad indien Delagoabaai in die hande van Brittanje val. As gesant van die Republiek in Europa het hy ook getrag om Rusland te oortuig dat Delagoabaai binne die sfeer van sy belange geleë is.[18] Hierdie moondhede was terdeë bewus daarvan hoe 'n pynlike doring in die vlees Delagoabaai vir Brittanje was. Von Eckardstein wat so 'n belangrike skakel was in die versoening van die finansiële belange van die Duitse en Britse kapitaliste, is teen die einde van 1899 aangestel as hoofsekretaris van die Duitse gesantskap in Londen.[19] Hierna het hy ook opgetree as hoofskakel tussen die Duitse en Britse diplomate en politici. In Desember 1899 het hy aan Von Hatzfeldt, die Duitse ambassadeur in Londen, verslag gedoen van onderhoude wat hy o.m. met Chamberlain en Balfour, die leier van die Britse Laerhuis, gehad het. Hulle het hom laat verstaan dat Brittanje, hoe teësinnig ook al, verplig sou wees om, ten minste tydelik, beheer oor Delagoabaai te verkry sodat hy die voorrade wat die Boere nog steeds uit daardie oord bekom het, geheel-en-al kon afsny. Die Britse pers en publiek het immers op so 'n stap aangedring. Volgens Von Eckardstein het die leidende Britse staatsmanne op twee gedagtes gehink: Hulle moes óf Portugal finansiële hulp aanbied en 'n offensiewe en defensiewe verbond met hom sluit, in ruil waarvoor hy dan die baai vrywillig onder Britse toesig sou plaas, óf hulle moes Delagoa-

15. B.D. I, nr. 121; The Visit of the British Channel Fleet and its results, December, 1900.
16. B.D. I, nr. 301, Minute by the Marquess of Salisbury, dd. 15-12-1899.
17. B.D. I, nr. 120, MacDonell aan Salisbury, dd. 16-11-1899.
18. Leyds Korresp.. II, bylae K.K.
19. G.P., XV, nr. 4402. (Voetnoot). Von Eckardstein was reeds voorheen 'n sekretaris van die Duitse gesantskap, maar het uit die diplomatieke diens getree as gevolg van sy huwelik met 'n welgestelde Engelse dame. (Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 48).

baai met geweld beset onder die voorwendsel dat Lissabon wapens, ammunisie en vrywilligers na die Transvaal deurgelaat het. Von Eckardstein het verwag dat Downingstraat enige oomblik navraag sou doen na die voorwaardes waarop Duitsland sodanige optrede van Brittanje oogluikend sou toelaat.[20] Op versoek van die Duitse gesant moes Von Eckardstein die Britse staatsmanne verwittig dat Duitsland stappe sou doen om 'n Britse besetting van Delagoabaai, met of sonder toestemming van Portugal, te verhinder, behalwe as hy vergoed word ooreenkomstig die geheime verstandhouding t.o.v. die Portugese kolonies.[21]

Op 19 Januarie 1900 berif Von Alvensleben, die Duitse gesant in Brussel, aan die rykskanselier dat Leyds tydens 'n onderhoud benadruk het dat dit om verskeie redes vir die Transvaal baie nadelig sal wees indien die Portugese Brittanje toelaat om Delagoabaai in te palm. Daar sal dan geen moontlikheid meer bestaan dat ammunisie, voedingsmiddele en briewe die Boere kan bereik nie.[22] Die volgende dag het die Russiese gesant in Berlyn, graaf Osten-Sacken, wat ongetwyfeld tot 'n mate beïnvloed is deur die anti-Britse propaganda van Leyds,[23] besoek afgelê by Von Bülow, Duitsland se minister van buitelandse sake, en dadelik die brandende vraagstuk van Delagoabaai aangeroer. Hy wou graag inligting hê op navraag wat hy al van te vore gedoen nl. of Duitsland te vinde was vir gesamentlike optrede teen die Britte indien hulle dit sou waag om beslag te lê op Delagoabaai. Von Bülow het geantwoord dat Duitsland die aangeleentheid in 'n baie ernstige lig beskou het, nie alleen t.o.v. die dinge wat in Suid-Afrika gebeur het nie, maar ook uit die oogpunt van die internasionale betrekkinge. Vir hom was die groot vraag of die steun van Frankryk verwerf kon word vir gemeenskaplike protes teen die hysing van die Britse vlag in Delagoabaai. Hoewel Osten-Sacken nie kon waarborg dat sy siening van die Franse politiek suiwer was nie, het hy tog gemeen dat Frankryk maar al te gretig sou wees om sy lot by Duitsland en Rusland in te werp.

Die Duitser was nie tevrede nie. Hy het die Rus laat verstaan dat hy geen besluit kon neem alvorens hy nie seker was van Frankryk nie. Volgens hom was daar 'n groot verskil tussen die posisie van Rusland en dié van Duitsland. Rusland kon Brittanje sonder veel inspanning lelik te lyf gaan terwyl lg. maar min kans gehad het om weerwraak te neem. Duitsland, egter, moes baie versigtig wees hoe hy optree. Sy handel en sy vloot was uiters kwesbaar omdat hy t.o.v. hierdie sake nog ver oorskadu is deur Brittanje. Geen Duitse minister van buitelandse sake kon die verantwoordelikheid op hom neem om met Brittanje skoor te soek nie, tensy hy oortuig was dat Frankryk hom sou bystaan. Dit wil voorkom asof die Rus enigsins dronkgeslaan was deur die vrees wat die Duitser

20. G.P., XV, nr. 4404, Von Hatzfeldt aan die Duitse Departement van Buitelandse Sake, dd. 21-12-1899.
21. G.P., XV, nr. 4404, Von Hatzfeldt aan die Duitse Departement van Buitelandse Sake, dd. 21-12-1899.
22. G.P., XV, nr. 4462, Von Alvensleben aan Von Hohenlohe, dd. 10-1-1900.
23. Volgens getuienis van Leyds self. (Korresp., I, bylae K.K.)

vir die Brit gekoester het. Hy het die posisie van Brittanje glad nie as besonder veilig beskou nie, en beweer dat hy op see nie veel sterker as op land was nie. Alhoewel hy onderneem het om St. Petersburg te pols oor die houding van Parys, sy bondgenoot, het hy tog Von Bülow versoek om inmiddels daaroor te dink of dit nie 'n nuttige doel sou dien as 'n aantal Franse, Russiese en Duitse skepe na Delagoabaai gestuur word nie.[24]

Indien Von Bülow dit eerlik bedoel het dat die Franse die hef in hande gehad het, dan het Leyds se diplomasie t.o.v. Delagoabaai maar min kans op sukses gehad. Dit het die gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek ook besef. Na 'n besoek aan Parys het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die Franse volk 'n oorlog teen Brittanje hart en siel sou ondersteun, maar dat van die Franse regering geen heil te wagte was nie. In 'n botsing tussen die Franse en Britse vlote sou e.g. ongetwyfeld aan die korste end trek, hoewel sy torpedobote die vyand groot skade kon berokken.[25]

Delagoabaai was wel 'n kruitvat wat kon ontplof en Europa in oorlogsvlamme laat opgaan, waardeur dit natuurlik vir Brittanje onmoontlik sou word om sy onverdeelde aandag aan die stryd in Suid-Afrika te gee, maar sy koloniale mededingers was huiwerig om die lont aan die brand te steek.

Uit die rigting van Lissabon sou vir die Boere geen redding opdaag nie.

Dr. H. R. van der Walt

24. G.P., XV, nr. 4463, memorandum deur Von Bülow, 12-1-1900.
25. G.P., XV, nr. 4462, Von Alvensleben aan Von Hohenlohe, dd. 10-1-1900.